# Hoofstuk van die dag: 1 Korintiërs 1

> *Ek dank my God altyd oor julle vir die genade wat Hy in Christus Jesus aan julle geskenk het, want in Hom het God*

*julle in alles ryklik geseën, veral in die gawes van woord en kennis. (vers 4-5)*

Paulus het 'n baie spesiale band met die gemeente in Korinte gehad. Hy was immers die stigter van die gemeente. Nou is dit 3 en 'n half jaar later, en dinge het erg begin skeefloop in die gemeente. Daar was faksies en verdeeldheid, onmin en diskriminasie by die Nagmaal, erge onsedelikheid, verwaandheid, selfs hofsake teen medegelowiges …

Paulus is verskriklik ontsteld daaroor. Dit is o.a. ook hoekom hy die brief skryf: om die gemeente aan te praat oor wat verkeerd is.

Maar dít is nie die dinge wat vir Paulus voorop staan as hy sy brief begin nie. Sy eerste gedagte is: hulle is die Here s'n. Daarom is sy openingswoorde nie 'n verwyt of 'n vermaning nie. Sy eerste gedagte is dankbaarheid: "Ek dank my God altyd oor julle …" (vers 4).

Dís hoe ons as gelowiges ook na mekaar moet kyk. Veral in 'n tyd waarin daar so baie spanning in die kerk is. Ons behoort tog almal aan die Here.


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien

© Bybelkoerant 2018 – 2026